

22 September

Skrifgedeelte: Handeling 22:1-16
Fokusgedeelte: Handeling 22:10 (NAV)

Wat is nodig sodat ek kan vra: Wat moet ek doen, Here?

Elke mens het van nature die geaardheid om homself te wil handhaaf. Niemand hou daarvan dat ander hom voorsê wat hy moet doen en nie moet doen nie. Eiewilligheid is nie iets wat ons moet aanleer nie, ons is so gebore. In sy verhouding met die Here sal 'n mens hierdie geaardheid selfvertroue en selftevredenheid noem.

Dit is immers met so 'n houding wat Paulus op pad was Damaskus toe. Hy was oortuig dat hy die waarheid beet het. In sy ywer as 'n vervolger van die kerk van Jesus Christus was hy oortuig dat God hom nodig het om die diens aan Hom suiwer te hou. Nederigheid en selfvernedering was in daardie stadium nie deel van Paulus se woordeskat nie. Hy moes eers die verblindende heiligheid van die opgestane Jesus Christus sien om op sy knieë voor die almagtige Here en Verlosser te kom. In daardie verblindings deur die heiligheid van Christus het Paulus homself vir die eerste keer werklik leer ken. Hy moes homself in kontras met die grootheid en almag van Jesus Christus sien. Toe eers kon hy vra: *Wat moet ek doen, Here?*

God bring nie elkeen van ons op dieselfde manier op ons knieë voor Hom soos wat Hy met Paulus gedoen het nie. Maar as ons nog nie voor sy majesteit en heiligheid nederig geword het nie – nog nie besef het wat dit beteken as ek Hom Here noem nie – sal ek beswaarlik vir Hom kan vra: Wat moet ek doen, Here? Eers wanneer ons self nederig gemaak is, sal ons regtig wil luister na wat Hy wil hê ons moet doen. Met die Woord van God wil die Heilige Gees nederigheid in my en jou tot stand bring.

Sing: Skrifberyming 7-1:1, 2

Ds. CCA (Coen) Vrey (Bellville)